# NEO-SPEKTRUM

## SIRKELFLITS 2:2022

### NUUSBRIEF VIR DIE SIRKELVRIENDE





## LEES BINNE:


- EDWARD SE GEDAGTES OOR DANKBAARHEID p 2
- MES: WINTERHOOP p 2
- TERBLANCHE EN CHRISNA SKRYF OOR PAASFEES pp 3-4
- WERKSWINKELS OOR GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL p 5
- NAGMAAL BY NEO-SPEKTRUM p 6
- BEURSHOUERS SE PRESTASIES p 7
- 2022 SE UITVOERENDE KOMITEE p 8
- BOEKGROEP p 9
- NEO-SPEKTRUM DATUMS P 9




*edward - redakteur*

*ed56chris@gmail.com*



## DANKBARE & WONDERLIKE LEWE

**En hier trek ons al by die derde maand van 2022 en natuurlik ook 'n derde Pfizer-inspuiting!!**

**Sedert Januarie 2020 het ons almal 'n ver pad met die pandemie gestap. Sommige het siek geraak, maar tog herstel – iets waaroor ons natuurlik baie bly is. Hoop dit gaan nog andersins goed met al die Sirkelvriende.**

**Nadat ek verskeie artikels oor die Oekraïne gelees en op televisie gekyk het, het ek by herhaling net weer besef hoekom ons dankbaar moet wees vir 'n beskermde wêreld waarin ons leef.**

**Prof. Amanda Gouws (Dept van Politieke Wetenskap, US) skryf in Die Burger van 8 Maart 2022 oor Internasionale Vrouedag (8 Maart), maar fokus uiteindelik haar woede op die skending van die regte in die oorloggeteisterde Oekraïne, die sinneloosheid van oorlog wat basies deur een man gedryf word wat glo die Russiese Ryk moet herbou word. Die vernietiging van infrastrukture, uitwissing van mense se bestaansruimte en leefwyse tel glad nie vir Putin nie. Weens hierdie waansin gaan duisende mense heel moontlik hulle lewens en leefwyse verloor – die Oekraïne beleef 'n baie groot humanitêre krisis.**

**Met die vreeslikhede van die pandemie en Oekraïne moet ons by hernuwing besef hoe dankbaar ons moet wees oor die voorregte van ons wonderllike lewe.**

---

# WINTERHOOP




**Neo-Spektrum werk al baie lank saam met MES om te help met die ondersteuning van hawelose mense. NS doen dit op verskeie wyses.**

**Vanjaar wil NS weer soos voor Covid SAKKE UITDEEL waarin Sirkelvriende hulle OMGEEBYDRAES kan plaas. Annelize van der Linde (082 377 3318) en Johan Muller (082 341 3488) hanteer hierdie projek en sal gedurende Mei 2022 die lysie beskikbaar stel sodat u dit kan aankoop en in die sakke plaas om na die Kapel te bring. Edward Smuts (082 788 1824) kan ook geskakel word — inderdaad 'n spanpoging tussen komiteelede en Sirkelvriende.**

# 'n NUWE, ANDER LEWE



**Dit is Herfs en die Seisoen waarin ons as Kerk van Christus, stilstaan by Paasfees. Dit is 'n tyd van nabetragting en nadenke oor die dun membraan tussen lewe en dood.**

**Vir ons as Christene is dit 'n tyd om te onthou dat die grond waarop ons staan, is Heilig. Dit is 'n geleentheid om weer te herbesin oor die Lewe in die algemeen en mý lewe spesifiek. Ons kyk na die Kruis en onthou waarom ons onsself Christene noem — volgelinge van Jesus wat 'n manifestasie en getuienis geword het van dié Christus, die Gesalfde, en ons Messias.**

**Ons sien die Kruis as 'n simbool van LEWE. 'n Simbool waar al ons menslike drange om oorlewing, en ons basiese behoefte om te veg of vlug, vervang word met die Allesinsluitende Liefde van God. Dit gee vir ons 'n groter perspektief van 'n lewe <u>in</u> Christus.**


**Daarom is Paasfees 'n tyd van HOOP. In ons daaglikse sterf-en-opstaan is daar 'n anker in die een wat gesê het: "Dit is Volbring!" — in sý onwrikbare geloof lê ons geloof, in sy liefde lê ons liefde… en die brug tussen die twee is ons HOOP.**

**Hoop is die potensiaal en eindelose moontlikhede om sinvol te leef. Betekenis te gee aan ons eie lyding en verdriet. Om in tye van nood bemoedig te word in die Teenwoordigheid van God, en in tye van vreugde en vrede nie te vergeet om oor te loop van God se Liefde nie.**

**Ons neem ons kruis op en stap die pad moedig en met dapperheid. Dood is nooit die laaste woord nie — inteendeel, dit is juis die seisoen waar die skoenlapper uit die kokon beur en haar vlerke sprei vir 'n *nuwe, ander* lewe wat geken word in ons eie getuienis wie en wat Christus vir ons elkeen individueel beteken.**

**Paasfees-groete**
**Terblanche**





## WAT IS PAASFEES VIR MY?

**Chrisna Smuts**



**Wat ek in my kinderjare in die kerk, Sondagskool en by die huis van Paasfees geleer het, strook nie meer met wat ek vandag glo en leef nie.**

Paasfees het 'n skuldgevoel gebring wat reeds jonk-jonk baie swaar op kinder-skouers gerus het. Veral "Hy't vir jou sondes gesterf" en "Sy bloed het vir jou gevloei" was die leitmotiv van my kinder- tot grootmensjare. En dan die vrae: Is dit sonde? Is dat sonde? Is dit verkeerd om...?

Deesdae, 72 jaar oud, vier ek Paasfees as 'n bevrydingsfees. Ja, ons is vryge-maak, maar vry van ons lewe wat gelaai was met ewigdurende skuldgevoelens, voorwaar 'n nuwe lewe, want Hy het vir ons kom sê Hy is lief vir ons en dat ons sy vriende is.

**Nou weet ons is ons "'n onsterflike diamant", kosbaar in God se oë** (Vader Richard Rohr).


## PAASFEES IS NOU 'N HELDER VREUGDEFEES




### Hoërskool Durbanville het 'n o12/13 netbaltoernooi op 25-26 Maart 2022 aangebied.

**Vier landelike skole - The Valley, Kerboslaagte, Attie van Wyk en Vissershok Laerskole se deelname is uit Neo-Spektrum se Sportfonds geborg. Hier is een WhatsApp-boodskap wat NS ontvang het:**

**Namens Kersboslaagte se leerders, ouers en personeel wil ons Neo-Spektrum hartlik bedank vir die geleentheid wat julle ons leerders gebied het om deel te neem. Die leerders het dit terdeë geniet; hulle kom so min uit. Baie dankie dat u ons finansieël aan die hand gevat het, en ook ons kinders op sportgebied ontwikkel het.**



**NA TWEE JAAR VAN 'N HIATUS VANWEË COVID WAT ONS NIE ONS JAARLIKSE**

# GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL

**KON AANBIED NIE, IS ONS HIERDIE JAAR WEER TERUG**

**SATERDAG 14 MEI 2022 VAN 9:00 TOT 1:00**

Daar sal op die Ou Testament Geskiedenis gefokus word:

- begin met Abraham en stap tot by Jesus
- kyk na die invloed van die Sumeriaanse, Kanaänitiese, Egiptiese en Babiloniese godsdienste op Judaïsme
- blaai deur die historiese boeke, die wysheidsliteratuur, profete asook die outeurvraagstukke van wie het wat geskryf en wanneer

Die doel is om 'n begrip te ontwikkel hoe die Ou Testament 'n 2000 jaarlange geskiedenis bymekaar bring.

**SATERDAG 21 MEI 2022 VAN 9:00 TOT 1:00**

Die fokus val op die Nuwe Testament Geskiedenis

- begin by Jesus en eindig by Konstantyn (325CE)
- ook die vrae oor wie het die Evangelies geskryf, word verken
- wie was Paulus en waarom is soveel van sy briewe ingesluit in die NT

Die vroeë kerk van die eerste 3 eeue na Christus word dus behandel.

Dis 'n heerlike reis om te bepaal waarom die Bybel steeds belangrik en relevant vir ons as Christene is.

**KOSTE PER PERSOON PER SATERDAG - R 250.00**
**KOSTE PER PAAR PER SATERDAG - R 400.00**

## HOOP OM SOVEEL AS MOONTLIK VAN JULLE DAAR TE SIEN!





## 2 JANUARIE 2022





## NEO-SPEKTRUM BEGIN 2022 MET 'N NAGMAAL





**<u>Hieronder vlnr:</u>**

- **Veronique en haar moeder, Zelda Adams, na ons inkopies vir die matriekjaar op Saterdag 22 Januarie 2022. Op die tweede foto staan sy by Mnr. Vries, Skoolhoof van Fisantekraal HS, tydens die 2021-prysuitdeling wat in Januarie 2022 gehou is. SY IS TOE AANGEWYS AS 2022-TOPMATRIKULANT.**
- **Veronique se kursus sluit Wiskunde, Natuur- & Lewenswetenskappe in wat noodsaaklik is vir 'n studie in 'n mediese rigting. Daar was 'n skakelpersone daaroor by die skool en sy onderhandel met hierdie persoon vir toekomstige studie.**
- **Sy het altyd eerste in haar graad gestaan. In 2021 het sy die 2de posisie - steeds uitstekend - in Graad 11 behaal. Verder het sy ook 2de posisies in Afrikaans en Geografie asook 1ste posisies in Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe (ou Biologie) en Natuurwetenskappe (ou Skeinat) behaal. Met haar ander vakke is sy by almal in die derde posisies.**







# NS BEURSHOUERS

**Hierdie drie beurshouers is in 2017 by Attie van Wyk PS geïdentifiseer. Hulle het deurlopend baie bevredigend presteer.**

**EDWARD SMUTS**



**<u>Links vlnr</u>: Alexia, Sanna (die tweeling se moeder) & Alicia Pipes na ons inkopies vir die matriekjaar op Saterdag 15 Januarie 2022. Hulle is besig om by die SA Weermag aansoek te doen. Na die jaar van verpligte diens, wil hulle maatskaplik deur die Weermag studeer.**

**Ek het vir hulle die foto gestuur en hulle twee antwoord toe:**

***Dis baie mooi; ons wil net weer eens dankie sê vir alles, uncle Edward. Ons waardeer dit baie. Van Alexis & Alicia***



## UITVOERENDE KOMITEE VAN NEO-SPEKTRUM

DIE UK VAN NS TYDENS DIE VERGADERING OP 26 JANUARIE 2022 BY SEEFF SE KANTOOR (OP DIE HOEK VAN OXFORD EN KOEBERG). DIE LEDE IS BY DIE AJV OP 5 DESEMBER 2021 VERKIES. HULLE IS vlnr: EDWARD SMUTS, TRESKA BOTHA , ELSE-HELENE LOUBSER, RONEL BREDENKAMP, JOHAN MULLER , TERBLANCHE JORDAAN, ANNELIZE VAN DER LINDE EN DESMOND SMITH.

ANNELIZE HET AANGEBIED DAT ONS NOU HAAR SEEFF-KANTOOR KAN GEBRUIK VIR VERGADERINGS - REDE: DIT IS SO SENTRAAL GELEË!

VAN VOOR DIE STIGTING VAN NEO-SPEKTRUM IN 2010 REEDS HET DIE PERSONE WAT IN DIE TOEKOMS SOU DEEL WORD VAN NEO-SPEKTRUM REEDS VERGADERINGS BY EDUARD EN ELSE-HELENE LOUBSER SE HUIS GEHOU.


DIT WAS HIER WAAR DIE NAAM NEO-SPEKTRUM OOK EEN AAND NA ‘N BAIE-BAIE-LANG DINKSKRUM GEGIET IS (MET DIE HULP VAN EDUARD WAT DEURLOPEND WYN AANGEDRA HET).

DANKIE DAT ANDRAGSTRAAT 8, VIERLANDEN SO LANK (11 JAAR) NEO-SPEKTRUM TYDENS VERGA-DERINGS GEHUISVES HET; DIE UK IS ALTYD MET SOVEEL GASVRYHEID DAAR ONTVANG. EDWARD SMUTS

**WYSHEIDSIRKEL VAN NEO-SPEKTRUM**

**ELKE SONDAG OM 10:00**
**IN DIE KAPEL BY KOLPING SENTRUM**

- **4 April:** Boekgroep
- **10 April:** SJV
- **14 & 21 Mei:** Werkswinkels: GvdB
- **25 Mei:** UK Vergadering
- **Mei/Junie:** Winterhoopprojek
- **30 Julie:** Spiritualiteits-konferensie



# BOEKGROEP

(lydialeroux4@gmail.com)

- Vergader om 19:00 op 1ste Maandag van 'n maand by Jacquestraat 9, Uitzig, Durbanville
- Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor. Dit dien as aanknopingspunt vir verdere bespreking.

Op 4 April 2022 lei Chrisna Smuts die gesprek oor "AN APPEAL TO THE WORLD - THE WAY TO PEACE IN A TIME OF DIVISION" deur die Dalai Lama.

*The International Bestseller*

- Chrisna skryf: "In hierdie boekie stel dr. Franz Art vrae aan die Dalai Lama, vrae gerig op die komplekse, wêreldwye kwessies wat ook die voortbestaan van die mensdom en die aarde raak."
- "Hy praat van ons lewe in 'n wêreld van verdeeldheid en hy doen 'n beroep op ons (die wêreld) om gebruik te maak van die ingebore goedhartigheid om die verdeeldheid, vyandigheid en wantroue te oorkom wat wêreldvrede in volhoubaarheid bedreig.

## HOE MENSE OOR 'N ONDERWERP PRAAT, VERTEL BAIE OOR HULLESELF!

https://livelifehapply.com

- Hy het tot die insig gekom dat sekulêre etiek belangrik is vir ons spiritualiteit.
- Wat is spiritualiteit? Hy haal vir dr Albert Schweizer aan: 'n Diepe respek vir alle lewe.

DIS WAARVOOR ONS AS SIRKELVRIENDE OOK STAAN



Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com